

# St. Andreas
## 30 November

(1ste eeu)

Andreas van Betsaïda, die broer van Petrus, was iemand wat opreg uitgesien het na die koms van die Verlosser van Israel. Hy was ’n dissipel van Johannes die Doper, by wie hy gehoor het dat Jesus die Lam van God is. Hy gaan volg Jesus en oorreed sy broer, Petrus, om saam te kom. Vir die res van sy lewe sou hy die Here getrou volg. Dit was Andreas wat die Here Jesus oor die seuntjie met garsbrode en visse ingelig het by die wonderwerk van die vermenig-vuldiging van die brood. En toe Grieke gekom het om Jesus te spreek het hy blykbaar, saam met Filippus, die tolkwerk gedoen. In die Oosterse Ortodokse tradisie staan hy bekend as die Eerste Geroepene.

© Die Oratorium Uitgewery